Newsletter | Nuusbrief 3/2018 6 Februarie 2018

ELEKTRONIESE MENINGSOPNAME
INTERNSKAPPE – INTERNS EN SKOOLHOOFDE

Die afgelope jaar het dit duidelik geword dat skole toenemend gebruik maak van internsskappe. Indien jy 'n assistent- of studentonderwyser is, kwalifiseer jy as 'n intern. Internskap gee jou 'n voorsprong in die mark en kry jy nie net blootstelling en ervaring in die veld nie, maar jy kry ook die geleentheid om te sien of die spesifieke profesie die regte keuse is. Sommige skole het fantastiese internskapprogramme terwyl ander se programme nog in die ontwikkelingsfase is.

In 'n poging om interns, sowel as skoolhoofde te ondersteun/bemagtig, stuur ons graag hierdie navorsingsprojek van stapel. Die uitkoms sal ons in staat stel om 'n akkurate behoeftebepaling te doen van wat die leemtes en uitdagings mag wees en waarop die SAOU moet fokus tydens toekomstige opleidingsgeleenthede wat vir interns beplan word.

Ons versoek vriendelik dat alle interns en skoolhoofde die elektroniese vraelys sal voltooi. Let wel dat daar afsonderlike vorms vir interns en skoolfhoofde is.

Die meningsopname sluit binne 2 weke op Maandag, 19 Februarie 2017, om 12:00. Baie dankie vir u bereidheid om deel te neem aan hierdie projek en vir u volgehoue en lojale ondersteuning as SAOU-lid.

Kliek hier om die vraelys vir interns te voltooi.
Kliek hier om die vraelys vir skoolhoofde te voltooi.

SAOU NASIONALE WERSKWINKEL VIR SKOOLBESTURE: 2018

Dit is met spyt dat ons moet aankondig dat die jaarlikse Nasionale Werkswinkel vir Skoolbesture nie meer op 14, 15 en 16 Junie 2018 in die Wes-Kaap sal plaasvind nie. Water beperkings in die stad is vanaf 1 Februarie, slegs 50 liter per dag. Die SAOU gee om en daarom word dié gewilde werkswinkel na Bloemfontein in die Vrystaat verskuif. Die

presiese venue sal nader aan die tyd gekommunikeer word.

FINLAND STUDIETOER 2018

Baie dankie vir almal wat aansoek gedoen het om deel te wees van hierdie avontuur. Daar is reeds briewe uitgestuur aan diegene wie se registrasieaansoek suksesvol was en ook aan aansoekers wat op die waglys is. Ongelukkig is daar beperkte aantal plekke beskikbaar en indien u nog nie van ons gehoor het nie, kan u aanvaar dat u registrasie hierdie keer nie suksesvol was nie. Die reaksie was oorweldigend en hoop ons om in die toekoms weer ‘n studietoer te reël. Die beplanning vir 2019 is om Swede te besoek. Ons sal by voorbaat reeds die “onsuksesvolles” op ‘n voorlopige reserveringslys vir 2019 plaas.

DBO OMSENDSKRYWE S13 OF 2017: HERROEPING VAN DIE BEPALING WAT REKENINGKUNDE BEPERK TOT SLEGS LEERDERS WAT WISKUNDE NEEM

In 2015 is besluit dat Rekeningkunde beperk word tot leerders wat Wiskunde neem.
Die bepaling is egter herroep en op 24 November 2017 onderteken. Omsendskrywe S13 van 2017 bepaal dat Graad 10-leerders vanaf 2018 Rekeningkunde mag neem in kombinasie met Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid.

Bogenoemde herroeping is egter nie van toepassing op huidige Graad 11- en Graad 12-leerders nie. Die skrywe sê uitdruklik dat beleid nie terugwerkend ingestel kan word nie.

Kliek hier vir die omsendskrywe

Newsletter | Nuusbrief 3/2018 6 February 2018

ELECTRONIC SURVEY
INTERNSHIPS – INTERNS AND PRINCIPALS

It has emerged that, over the past year, schools are increasingly appointing and making use of interns. If you are an assistant or student teacher, you qualifiy as an intern. An intership gives you a headstart in the job market. Not only do you gain exposure and experience, but you also have the opportunity to see if this is the right profession for you. In an effort to support and empower,not only interns, but also principals, we are glad to launch this research project. The outcome wil enable us to accurately determine the possible challenges and gaps that the SAOU can focus on during future training opportunities.

We kindly request that all interns and principals complete the electronic survey. Please note that there are different forms for interns and principals.

The outcome of the survey will enable us to do an accurate needs analysis and assist in identifying the shortcomings and problem areas to focus our future training sessions for interns.

The survey will close within 2 weeks on Monday, 19 February 2017, at 12:00. Thank you for your willingness to participate in this project and for your continued and loyal support as SAOU member.

Click here to complete the survey for interns
Click here to complete the survey for principals

SAOU NATIONAL
WORKSHOP FOR SCHOOL MANAGEMENT: 2018

It is with regret that we have to announce that the annual National Workshop on School Management will no longer be taking place in the Western Cape on 14, 15 and 16 June 2018. Water restrictions have been tightened to only 50 litres per day, with effect from 1 February. Because the SAOU is concerned and cares for the plight of the city, the workshop has been moved to Bloemfontein, Free State. The exact venue will be communicated closer to the time.

FINLAND STUDY TOUR

Thank you to everbody who applied to be part of this adventure. Letters have already been sent to the successful candidates and to the applicants on the waiting list. Unfortunately we have limited space available and if you have not heard from us yet, please assume that your regsistration has not been successful. The reaction has been overwhelming and we plan to arrange another study tour during 2019 to Sweden. The "unsuccessfuls"will be placed on a provisional reservation list for 2019.

DBE CIRCULAR S13 OF 2017:
REPEAL OF THE PROVISO RESTRICTING ACCOUNTING TO LEARNERS OFFERING MATHEMATICS ONLY

The decision to enforce the combination of Accounting and Mathematics was taken in 2015. This provision has been repealed and was signed on 24 November 2017. Circular S13 of 2017 repealed the proviso restricting Accounting to only learners taking Mathematics. Hence, from 2018 Grade 10 learners who opt for Accounting may combine this with either Mathematics or Mathematical Literacy. The policy cannot be implemented retrospectively, thus, this will not be applicable to current Grade 11 and 12 learners.

Click here for the Circular